SAKE 24 (Volksblad)
23 Jun 2011, p.14

Keaton se bedryfsverlies is 29% kleiner

Dewald van Rensburg,
Johannesburg

Die ontluikende steenkoolgroep Keaton Energy het in die jaar tot einde Maart sy bedryfsverlies met 28,7% verminder tot R18 miljoen en danksy rente-inkomste en 'n belastingkrediet van R6,6 miljoen 'n nabelaste wins van R7,2 miljoen behaal.

Sy vlagskip-mynprojek Vanggatfontein het in Oktober steenkool vir die metallurgiese mark uit sy 5-laag begin lewer.

Teen einde Maart is altesame 145 107 ton onbehandelde steenkool gemyn wat tot 56 886 ton verkoopbare steenkool verwerk is.

Keaton het 48 397 ton steenkool verkoop in die vier maande wat hom 'n omset van R35,2 miljoen besorg het.

Vanggat se tweede fase behels produksie uit die 4- en 2-laag wat kragstasiekole aan Eskom sal lewer. Dié fase sou einde Julie kole begin lewer het, maar einde Mei het die stut van 'n voerbak vir dié fase se aanleg gebreek. Dit vertraag die aanvang van verkope.

Keaton het naby die einde van die boekjaar aangekondig dat hy 'n 74%-belang in die ongenoteerde myngroep Leeuw Mining and Exploration wil bekom met die uitreik van 16,6 miljoen aandele.

Dié transaksie sal Keaton 'n bykomende myn, Vaalkrantz, gee, asook een van die gesogte Quattro-allokasies by die Richardsbaai-steenkoolterminus. Leeuw het 'n allokasie van 207 000 ton per jaar by dié skema.

Keaton se kontantbalans het teen die einde van die boekjaar tot 'n geringe R27 miljoen geval, maar hy het in April 'n R230 miljoen-projekfinansieringsgerief by Nedbank gekry waarvan hy al R138,7 miljoen gebruik het.